

Republiek van Suid-Afrika

Republic of South Africa



Buitengewone
Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(REGULASIEKOERANT No. 23)

(REGULATION GAZETTE No. 23)

VOL. I.]

PRYS 5c.

PRETORIA,

1 SEPTEMBER
1 SEPTEMBER

1961.

PRICE 5c.

[No. 73.]

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. R. 581.]

[1 September 1961.

ONGEVALLEWET, 1941, SOOS GEWYSIG.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *honderd-en-sewe* van die Ongevallewet 1941 (Wet No. 30 van 1941), onderstaande regulasies uitgevaardig:—

REGULASIES.

VERKLARING.

1. In hierdie regulasies, tensy onbestaanbaar met die samehang, beteken—

„Wet”, die Ongevallewet, 1941, soos gewysig;

„Aanhangsel”, ’n aanhangsel by hierdie regulasies en alle uitdrukkings waarvan die betekenis in die Wet bepaal is, het dieselfde betekenis.

REGISTRASIE VAN WERKGEWERS.

2. Die besonderhede wat ’n werkgewer ingevolge sub-artikel (1) van artikel *ses-en-negentig* van die Wet verplig word om te verstrek, moet in die geval van—

- (a) ’n werkgewer wat nie landbou beoefen nie; en
- (b) ’n werkgewer wat landbou beoefen;

in die vorm verstrek word van en die inligting weergee wat onderskeidelik in Aanhangsels 1 en 1A vereis word.

LÖONSTATE.

3. Die opgawe wat ingevolge subartikel (1) van artikel *agt-en-sestig* van die Wet aan die Kommissaris ingestuur moet word, moet in die geval van—

- (a) ’n werkgewer wat nie landbou beoefen nie, in die vorm wees van en die inligting bevat wat in Aanhangsels 2 en 3 vereis word;
- (b) ’n werkgewer wat landbou beoefen, in die vorm wees van en die inligting bevat wat in Aanhangsels 4 en 5 vereis word.

LONE VIR AANSLAGDOELEINDES.

4. Vir aanslagdoeleinde moet lone alle betalings insluit wat in geld of in natura of in geld sowel as in natura aan werkmense gedoen of verskuldig is wat op watter wyse ookal uit diens ontstaan, met inbegrip van kommissie, lewenskostetoelaes, die waarde van voedsel of huisvesting wat gratis deur ’n werkgewer verskaf word, oortyd-betalings wat gereeld geskied, aansporingsbonusse en ander bonusse van ’n gereelde aard, maar met uitsondering van

A—1485003

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. R. 581.]

[1 September 1961.

WORKMEN'S COMPENSATION ACT, 1941,
AS AMENDED.

The State President has under the powers vested in him by section *one hundred and seven* of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), made the following regulations:—

REGULATIONS.

INTERPRETATION.

1. In these regulations, unless inconsistent with the context—

“Act” means the Workmen's Compensation Act, 1941, as amended;

“Annexure” means an Annexure to these regulations and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear the same meaning.

REGISTRATION OF EMPLOYERS.

2. The particulars which an employer is required to furnish in terms of sub-section (1) of section *ninety-six* of the Act shall, in the case of—

- (a) an employer, other than an employer engaged in agriculture; and
- (b) an employer engaged in agriculture;

be furnished in the form of and disclose the information required in Annexures 1 and 1A respectively.

WAGE RETURNS.

3. The statement which shall be transmitted to the Commissioner in terms of sub-section (1) of section *sixty-eight* of the Act shall in the case of—

- (a) an employer, other than an employer engaged in agriculture, be in the form of and contain the information required in Annexures 2 and 3;
- (b) an employer engaged in agriculture be in the form of and contain the information required in Annexures 4 and 5.

WAGES FOR PURPOSES OF ASSESSMENT.

4. For the purposes of assessment, wages shall mean any payments in money or in kind or both in money and in kind, made or owing to a workman which arise out of employment and shall include commission, cost of living allowances, the value of food and quarters supplied by the employer free of charge, payments for overtime regularly performed, incentive or other bonuses of a regular nature

1—73

reis- en verblyfkkoste of ander betalings van 'n verhaalbare aard en toevallige of *ex gratia*-betalings wat nie gereeld geskied nie.

BETALING VAN AANSLAG EN ANDER VERSKULDIGDE GELDE.

5. (1) Aanslag, boetes en ander bedrae betaalbaar aan die Kommissaris moet by sy kantoor in Pretoria betaal word.

(2) As betaling van 'n aanslag of boete aangebied word, moet die kennisgewing van aanslag ingedien word tesame met die bedrag aldus aangebied.

BEVEL TOT BETALING VAN GELDE WAT AAN DIE KOMMISSARIS VERSKULDIG IS.

6. 'n Bevel kragtens subartikel (4) van artikel *drie-en-sewentig* van die Wet moet in die vorm van Aanhangsel 6 wees.

BEVEL TOT BETALING VAN SKADELOOSSTELLING.

7. 'n Bevel kragtens artikel *twee-en-sestig* van die Wet tot betaling van enige skadeloosstelling of ander geldelike voordeel aan 'n werksman moet in die vorm van Aanhangsel 7 wees.

VERPLASING VAN WERKSMENSE NA SUID-RHODESIË.

8. (1) 'n Werkgewer, wat in die Republiek besigheid dryf, moet, as 'n werksman in sy diens van die Republiek na Suid-Rhodesië verplaas word, die Ongevallekommissaris, Posbus 955, Pretoria, onmiddellik daarvan verwittig en terselfdertyd die volgende besonderhede verstrek:—

- (a) Die werksman se naam en die skaal van besoldiging terwyl hy in die Republiek in diens was.
- (b) Die datum waarop die werksman diens moet aanvaar in Suid-Rhodesië.
- (c) Of die verplasing tydelik of permanent is.

(2) Vir die toepassing van hierdie regulasies word dit nie beskou dat 'n werksman tydelik verplaas is nie, as dit, na die mening van die Ongevallekommissaris, ooreenkomstig sy gewone diensvoorwaardes van 'n tak van die werkgewer se besigheid in die Republiek na 'n tak in Suid-Rhodesië geskied.

KENNISGEWING VAN ONGEVAL.

9. (1) Skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (1) van artikel *vyftig* van die Wet deur 'n werksman (behalwe 'n Naturellewerksman) van 'n ongeval moet in die vorm van Aanhangsel 8 wees en moet ingedien word by of gepos word aan die werkgewer van die beseerde werksman of enige persoon aan wie die bestuur of beheer van die tak of afdeling van die besigheid waarin die werksman in diens is deur die werkgewer toevertrou is of enige persoon wat die reg het om die werksman namens die werkgewer in diens te neem of te ontslaan.

(2) Waar 'n ongeval ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-vyftig* van die Wet by die Kommissaris aangegee word, moet 'n werkgewer van 'n beseerde werksman die inligting verstrek wat in Aanhangsel 9 vereis word.

- (a) In die geval van werkgewers wie se besigheidsplek in die gebiede hieronder genoem, geleë is, moet die nodige vorms aan die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, gestuur word, na die adres soos hieronder aangegee en *nie* direk aan die Kommissaris nie:—

- (i) Die magistraatsdistrikte—

Die Kaap.....	} Posbus 872, Kaapstad.
Wynberg.....	
Bellville.....	
Simonstad.....	

- (ii) Die munisipale gebiede—

Port Elizabeth..	} Privaatsak 6027, Port Elizabeth.
Walmer.....	
Uitenhage.....	

- (iii) Die munisipale gebiede—

Durban.....	} Posbus 940, Durban.
Pinetown.....	
Queensburgh.....	
Westville.....	

but shall not include travelling, subsistence or other payments of a re-imbursive nature and casual or *ex gratia* payments of a non-recurrent nature.

PAYMENT OF ASSESSMENT AND OTHER MONEYS DUE.

5. (1) Assessments, penalties and other amounts payable to the Commissioner shall be paid at his office in Pretoria.

(2) Whenever payment of an assessment or penalty is tendered, the Notice of Assessment shall be submitted with the amount so tendered.

ORDER FOR THE PAYMENT OF MONEYS DUE TO THE COMMISSIONER.

6. An order under sub-section (4) of section *seventy-three* of the Act shall be in the form of Annexure 6.

ORDER FOR THE PAYMENT OF COMPENSATION.

7. An order under section *sixty-two* of the Act for the payment of any compensation or other pecuniary benefit to a workman shall be in the form of Annexure 7.

TRANSFER OF WORKMEN TO SOUTHERN RHODESIA.

8. (1) An employer who carries on business in the Republic shall, whenever a workman in his employ is transferred from the Republic to Southern Rhodesia, immediately advise the Workmen's Compensation Commissioner, P.O. Box 955, Pretoria, thereof, together with the following information:—

- (a) The name of the workman and the rate at which he was remunerated whilst employed in the Republic.
- (b) The date on which the workman is required to assume duty in Southern Rhodesia.
- (c) Whether the transfer is of a permanent or temporary nature.

(2) For the purposes of this regulation, a workman shall not be considered to have been temporarily transferred, if in the opinion of the Workmen's Compensation Commissioner, the transfer is made in accordance with the ordinary terms of employment, from a branch of the employer's business in the Republic to a branch in Southern Rhodesia.

NOTICE OF ACCIDENT.

9. (1) Written notice under sub-section (1) of section *fifty* of the Act by a workman (other than a Native workman) of an accident shall be in the form of Annexure 8, and shall be handed in or posted to the employer of the injured workman or to any person to whom the management or charge of the branch or department of the business in which the workman is employed, has been entrusted by the employer or to any person who has the right to engage or discharge the workman on behalf of the employer.

(2) In reporting an accident to the Commissioner under sub-section (1) of section *fifty-one* of the Act, an employer of an injured workman shall furnish the information required in Annexure 9.

- (a) In the case of employers whose place of business is situated in the undermentioned areas, the necessary forms must be forwarded to the Divisional Inspector, Department of Labour at the address given below and *not* to the Commissioner direct:—

- (i) The Magisterial Districts of—

The Cape.....	} P.O. Box 872, Cape Town.
Wynberg.....	
Bellville.....	
Simonstown....	

- (ii) The Municipal Areas of—

Port Elizabeth	} Private Bag 6027, Port Elizabeth.
Walmer.....	
Uitenhage.....	

- (iii) The Municipal Areas of—

Durban.....	} P.O. Box 940, Durban.
Pinetown.....	
Queensburgh.....	
Westville.....	

(b) In die geval van werkgewers wie se besigheidsplek in die gebied van Suidwes-Afrika geleë is, moet die nodige vorms aan die Plaaslike Verteenwoordiger van die Ongevallekommissaris, p/a die Sekretaris van Suidwes-Afrika, Windhoek, gestuur word.

(3) (a) Die besonderhede wat 'n werkgewer ingevolge subartikel (3) van artikel *drie-en-tagtig* van die Wet verplig is om ten opsigte van 'n ongeval van 'n Naturellewerksman te verstrek, moet in die vorm wees van en die inligting weergee wat vereis word in Aanhangsel 10.

(b) Die vorms genoem in paragraaf (a) van hierdie subregulasie moet ingedien word by of gepos word aan die kantoor van die Naturellekommissaris, Addisionele Naturellekommissaris of Assistent-naturellekommissaris vir die gebied waarin die ongeval voorgekom het, of as geen sodanige amptenaar vir die betrokke gebied aangestel is nie, die magistraat van die distrik.

(c) As 'n Naturellekommissaris, Addisionele Naturellekommissaris of Assistent-naturellekommissaris te wete kom dat 'n ongeval waarvan geen besonderhede aan hom verstrek is nie, 'n Naturellewerksman oorgekom het, moet sodanige Naturellekommissaris, Addisionele Naturellekommissaris of Assistent-naturellekommissaris die besonderhede wat ingevolge paragraaf (a) van hierdie subregulasie vereis word, aan die Kommissaris verstrek; met dien verstande dat as die ongeval voorgekom het in 'n gebied waarvoor geen Naturellekommissaris, Addisionele Naturellekommissaris of Assistent-naturellekommissaris aangestel is nie, die plig wat op so 'n amptenaar by hierdie paragraaf opgelê is op die magistraat van die distrik oorgaan.

EIS OM SKADELOOSSTELLING.

10 (1) 'n Eis om skadeloosstelling ingedien ingevolge subartikel (1) van artikel *vier-en-veertig* van die Wet moet in die vorm wees van en die besonderhede bevat wat vereis word in Aanhangsel 11 en kan vergesel wees van enige dokumente wat die persoon wat die eis instel nodig ag om dit te staaf.

(2) Elke sodanige eis moet ingedien word by of gepos word aan—

(a) die werkgewer; of

(b) (i) die Afdelingsinspekteur of die Plaaslike Verteenwoordiger in daardie gebiede genoem in subregulasie (2) van regulasie 9 waar die werkgewer se besigheidsplek in sodanige gebied geleë is;

(ii) die Kommissaris in enige ander gebied;

en dit word geag ingedien te wees op datum van ontvangs van die eis deur die Afdelingsinspekteur of die Plaaslike Verteenwoordiger, die Kommissaris of die werkgewer, na gelang van die geval.

(3) As die eiser of die persoon wat die eis namens hom ingedien het nadat 'n eis ingedien is maar voor dit beslis is van enige belangrike inligting te wete kom, of enige dokument wat betrekking het op die eis in besit kry, wat nie saam met die eis voorgelê is of andersins onder die aandag van die Kommissaris gebring is nie, moet hy sodanige inligting onmiddellik aan die Kommissaris of aan die werksman se werkgewer verstrek of sodanige dokument aan die Kommissaris of die werksman se werkgewer stuur.

(4) 'n Werkgewer by wie 'n eis ingedien word of aan wie enige inligting of dokument genoem in subregulasie (3) verstrek of gestuur is, moet sodanige eis of inligting of dokument onmiddellik aan die Kommissaris stuur, behalwe in dié gevalle waar die werkgewer se besigheidsplek geleë is in 'n gebied genoem in subregulasie (2) van regulasie 9 wanneer dit aan die Afdelingsinspekteur of die Plaaslike Verteenwoordiger vir daardie gebied gestuur moet word. 'n Werkgewer wat versuim om hierdie regulasie na te kom, is aan 'n misdryf skuldig.

FORMELE VERHORE.

11. (1) 'n Eiser en sy werkgewer moet skriftelik in kennis gestel word van die tyd en die plek van 'n formele verhoor ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *ses-en-veertig* van die Wet, en die bepalings van subregulasie (2) van regulasie 12 is *mutatis mutandis* op al sulke kennisgewings van toepassing.

(b) In the case of employers whose place of business is situated in the Territory of South West Africa the necessary forms must be forwarded to: The Local Representative of the Workmen's Compensation Commissioner, c/o The Secretary for South West Africa, Windhoek.

3. (a) The particulars which an employer is required to furnish in terms of sub-section (3) of section *eighty-three* of the Act in respect of an accident to a Native workman shall be in the form of and disclose the information required in Annexure 10.

(b) The forms referred to in paragraph (a) of this sub-regulation shall be handed in at or posted to the office of the Native Commissioner, Additional Native Commissioner or Assistant Native Commissioner for the Area in which the accident occurred or if no such officer has been appointed for the area in question, to the magistrate of the district.

(c) Whenever it comes to the Notice of a Native Commissioner, Additional Native Commissioner or Assistant Native Commissioner that an accident, of which particulars have not been furnished to him, has occurred to a Native workman, such Native Commissioner, Additional Native Commissioner or Assistant Native Commissioner shall furnish to the commissioner the particulars required under paragraph (a) of this sub-regulation; provided that if the accident occurred in an area for which no Native Commissioner, Additional Native Commissioner or Assistant Native Commissioner has been appointed the duty imposed upon such an officer by this paragraph shall devolve upon the magistrate of the district.

CLAIM FOR COMPENSATION.

10. (1) A claim for compensation submitted under sub-section (1) of section *fifty-four* of the Act shall be in the form of and contain the particulars required in Annexure 11, and may be accompanied by any documents which the person making the claim deems necessary to substantiate it.

(2) Every such claim shall be handed or posted to—

(a) the employer; or

(b) (i) the Divisional Inspector or the Local Representative in those areas mentioned in sub-regulation (2) of regulation 9 where the employer's place of business is situated in such area;

(ii) the Commissioner in any other area;

and shall be deemed to have been lodged on the date of receipt of the claim by the Divisional Inspector or the Local Representative, the Commissioner, or the employer, as the case may be.

(3) If, after a claim has been lodged but before it has been determined, the claimant or the person who lodged the claim on his behalf, becomes aware of any material information or becomes possessed of any document relevant to the claim which was not transmitted with the claim or has not otherwise been brought to the notice of the Commissioner, he shall forthwith furnish such information or transmit such document to the Commissioner or to the workman's employer.

(4) An employer with whom the claim is lodged, or to whom any information or document referred to in sub-regulation (3) is furnished or transmitted, shall forthwith forward such claim or information or document to the Commissioner except in those cases where the employer's place of business is situated in an area mentioned in sub-regulation (2) of regulation 9 when it shall be forwarded to the Divisional Inspector or the local representative for that area.

Any employer who fails to comply with this regulation shall be guilty of an offence.

FORMAL HEARINGS.

11. (1) Notice to a claimant and his employer of the time and place of a formal hearing in terms of sub-section (2) of section *fifty-six* of the Act shall be given by means of a written communication and the provisions of sub-regulation (2) of regulation 12 shall *mutatis mutandis* apply to every such communication.

(2) 'n Eiser of 'n werkgewer wat kragtens subartikel (3) van artikel *ses-en-vyftig* van die Wet gedagvaar is, is geregtig op die toelaes voorgeskryf vir 'n getuie.

(3) 'n Eiser of sy werkgewer wat 'n formele verhoor bywoon ingevolge 'n kennisgewing ooreenkomstig subregulasie (1) kan, na goedvinde van die Kommissaris, die toelaes voorgeskryf vir 'n getuie betaal word.

GETUIES.

12. (1) 'n Dagvaarding kragtens subartikel (1) van artikel *sestien* of kragtens subartikel (3) van artikel *ses-en-vyftig* van die Wet moet in die vorm van Aanhangsel 12 wees.

(2) Enige sodanige dagvaarding kan gedien word op die persoon wat gedagvaar word—

- (a) deur dit aan hom te oorhandig; of
- (b) deur dit by sy woonplek, besigheidsplek of werkplek te laat by 'n persoon wat blykbaar minstens sehtien jaar oud is en blykbaar daar woonagtig of in diens is; of
- (c) deur dit per geregistreerde pos aan hom te stuur by sy woonplek of besigheidsplek of werkplek of aan sy posbusnommer.

(3) (a) Die toelaes betaalbaar ooreenkomstig subartikel (7) van artikel *sestien* van die Wet is—

- (i) ten opsigte van vervoer, die werklike vervoerkoste;
- (ii) ten opsigte van geldelike verlies, vier rand per dag of die werklike geldelike verlies, na gelang watter die minste is;
- (iii) ten opsigte van ander onkoste die daelikse skaal van twee rand vyftig sent vir Blankes, een rand vyf-en-twintig sent vir Asiats en Kleurlinge en vyf-en-sewentig sent vir Naturelle of die werklike onkoste, na gelang watter die minste is;

(b) Die bepalings van subregulasie (5) (b), (c) en (d) van regulasie 15 is *mutatis mutandis* op 'n getuie van toepassing.

INDIENING VAN BESWARE EN AANSOEKE.

13. (1) 'n Beswaar kragtens artikel *vyf-en-twintig* van die Wet moet in die vorm van, en die inligting bevat wat vereis word in Aanhangsel 13 en word geag ingedien te wees op die datum waarop die Kommissaris genoemde vorm ontvang het, behoorlik ingevul ten opsigte van elke item wat ter sake is.

(2) 'n Aansoek om vermeerderde skadeloosstelling kragtens artikel *drie-en-veertig* van die Wet moet in die vorm wees van, en die inligting bevat wat vereis word in Aanhangsel 14 en word geag ingedien te wees op die datum waarop die Kommissaris genoemde vorm ontvang het, behoorlik ingevul ten opsigte van elke item wat ter sake is. Ses afskrifte van die aansoek, asook van elke stawende dokument, moet ingedien word; met dien verstande dat die Kommissaris minder afskrifte van enige besondere dokument kan aanneem.

VOORDELE AAN ASSESSORE BETAALBAAR.

14. (1) Die voordele wat ingevolge artikel *vier-en-dertig* van die Wet betaalbaar is, is as volg:—

(a) Ten opsigte van tydelike arbeidsongeskiktheid: Die betaling van 'n bedrag gelykstaande met die verlies aan inkomste gelyk deur die assessor as gevolg van die ongeval maar van hoogstens die bedrag van negentig rand per maand.

(b) Ten opsigte van blywende arbeidsongeskiktheid: Voordele word ooreenkomstig die graad van arbeidsongeskiktheid en die volgende reëls bepaal:—

- (i) wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid dertig persent is, 'n enkele geldsom van eenduiseid tweehonderd-en-tagtig rand;
- (ii) wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid onder dertig persent is, 'n enkele geldsom wat tot eenduiseid tweehonderd-en-tagtig rand in dieselfde verhouding staan as die graad van arbeidsongeskiktheid tot dertig persent;
- (iii) wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid honderd persent is, 'n maandelikse pensioen van negentig rand;

(2) A claimant or an employer subpoenaed under subsection (3) of section *fifty-six* of the Act shall be entitled to the allowances prescribed for a witness.

(3) A claimant or his employer who attends a formal hearing in response to a notice under subregulation (1) may, in the discretion of the Commissioner, be paid the allowances prescribed for a witness.

WITNESSES.

12. (1) A subpoena under subsection (1) of section *sixteen* or under subsection (3) of section *fifty-six* of the Act shall be in the form of Annexure 12.

(2) Any such subpoena may be served on the person subpoenaed—

- (a) by delivering it to him; or
- (b) by leaving it at his place of abode or business or employment with some person apparently not less than sixteen years of age and apparently residing or employed there; or
- (c) by despatching it to him by registered post to his place of abode or business or employment or to his post office box number.

(3) (a) The allowances payable under subsection (7) of section *sixteen* of the Act shall be—

- (i) in respect of transport, the actual cost of transport;
- (ii) in respect of pecuniary loss, four rand per diem, or the actual pecuniary loss, whichever is the lesser;
- (iii) in respect of other expenses, a daily rate of two rand fifty cent for Europeans, one rand twenty five cent for Asiatics and Coloureds and seventy five cent for Natives or the actual expenses, whichever is the lesser;

(b) The provisions of subregulation (5) (b), (c) and (d) of regulation 15 shall *mutatis mutandis* apply to a witness.

LODGING OF OBJECTIONS AND APPLICATIONS.

13. (1) An objection in terms of section *twenty-five* of the Act shall be in the form of and contain the information required in Annexure 13, and shall be deemed to have been lodged on the date of receipt by the Commissioner of the said form, duly completed in respect of every relevant item.

(2) An application for additional compensation under section *forty-three* of the Act shall be lodged in the form of and shall contain the information required in Annexure 14 and shall be deemed to have been lodged on the date of receipt by the Commissioner of the said form, duly completed in respect of every relevant item. Six copies of the application and of every supporting document shall be lodged; provided that the Commissioner may accept fewer copies of any particular document.

BENEFITS PAYABLE TO ASSESSORS.

14. (1) The benefits payable in terms of section *thirty-four* of the Act shall be as follows:—

(a) In respect of temporary disablement: The payment of an amount equal to the loss of income suffered by the assessor as a result of the accident but not exceeding the rate of ninety rand per month.

(b) In respect of permanent disablement: Benefits shall be fixed according to the degree of disablement and in accordance with the following rules:—

- (i) where the degree of disablement is thirty per cent a lump sum of one thousand two hundred and eighty rand;
- (ii) where the degree of disablement is under thirty per cent a lump sum bearing the same proportion to one thousand two hundred and eighty rand as the degree of disablement bears to thirty per cent;
- (iii) where the degree of disablement is one hundred per cent a monthly pension of ninety rand;

- (iv) wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid onder honderd persent maar meer as dertig persent is, 'n maandelikse pensioen wat tot negentig rand in dieselfde verhouding staan as die graad van arbeidsongeskiktheid tot honderd persent.
- (c) Ten opsigte van die dood van 'n assessor: Waar die assessor as gevolg van 'n besering sterf wat deur 'n ongeval veroorsaak is:—
 - (i) As die assessor 'n weduwee as nabestaande nalaat en daar geen kinders is nie, die toekenning aan die weduwee van 'n enkele geldsom van tweehonderd rand en 'n maandelikse pensioen van ses-en-dertig rand;
 - (ii) as die assessor 'n weduwee en een of meer kinders as nabestaandes nalaat, die toekenning van die voordele wat in subparagraaf (i) gespesifiseer word aan die weduwee en ten opsigte van die kinders die voordele wat in subparagraaf (iii) gespesifiseer word;
 - (iii) as die assessor een of meer kinders as nabestaandes nalaat, die toekenning van 'n maandelikse pensioen van agtien rand ten opsigte van elke kind; met dien verstande dat—
 - (aa) die pensioen wat ten opsigte van 'n kind betaalbaar is, verval wanneer die kind die ouderdom van sewentien jaar bereik of sterf of trou voordat hy daardie ouderdom bereik;
 - (bb) die Kommissaris kan gelas dat die pensioen aan 'n kind toegeken, moet voortduur nadat hy die ouderdom van sewentien jaar bereik het, of dat 'n dergelike pensioen toegeken word aan 'n seun of dogter wat nie 'n kind is soos in die Wet omskryf nie, indien hy of sy weens geestes- of liggaamsgebrek nie in staat is om 'n inkomste te verdien nie en wel vir solank as wat redelikerwys verwag kan word dat die oorlede assessor tot sy of haar onderhoud sou bygedra het;
 - (cc) behoudens die bepalinge van subregulasie (2) kan die Kommissaris die pensioene wat ten opsigte van een of meer kinders toegeken is, verhoog;
 - (iv) as die assessor geen nabestaandes nalaat van enigeen van die klasse wat in paragraaf (i), (ii) en (iii) vermeld word nie, 'n maandelikse pensioen van ses-en-dertig rand aan enige nabestaandes wat geheel en al van die assessor afhanklik was, vir solank as redelik verwag kon word dat die bydrae van die gestorwe assessor tot hul onderhoud sou voortduur;
 - (v) as die assessor geen nabestaandes nalaat van enigeen van die klasse wat in paragraaf (i), (ii), (iii) of (iv) vermeld word nie, aan die nabestaandes wat gedeeltelik van die assessor afhanklik is 'n enkele geldsom van hoogstens die bedrag wat in dieselfde verhouding staan tot eenduiseid vyfhonderd rand as die graad van afhanklikheid tot algehele afhanklikheid;
 - (vi) die betaling van begrafniskoste werklik aangegaan ten opsigte van die assessor, maar van hoogstens honderd rand.

(2) Die maandelikse pensioene wat ingevolge paragraaf (c) van subregulasie (1) betaalbaar is as gevolg van die dood van 'n assessor mag nie meer as 'n totale bedrag van negentig rand beloop nie.

(3) (a) Die pensioen wat ingevolge hierdie regulasie aan 'n weduwee betaalbaar is, verval as sy sterf of trou.

(b) Aan 'n weduwee wat trou, word 'n enkele geldsom van agthonderd vier-en-sestig rand betaal.

(4) Indien enige persoon wat ingevolge hierdie regulasie op voordele geregtig is daarom aansoek doen, kan die Kommissaris in plaas van daardie pensioen 'n enkele

(iv) where the degree of disablement is under one hundred per cent, but more than thirty per cent, a monthly pension bearing the same proportion to ninety rand as the degree of disablement bears to one hundred per cent.

(c) In respect of the death of an assessor: Where the assessor dies from an injury caused by an accident:—

(i) If the assessor leaves as a dependant a widow and no children the award to the widow of a lump sum of two hundred rand and a monthly pension of thirty-six rand;

(ii) if the assessor leaves as dependants a widow and one or more children the award to the widow of the benefits specified in sub-paragraph (i) and in respect of the children the benefits as specified in subparagraph (iii);

(iii) if the assessor leaves as dependants one or more children the award of a monthly pension of eighteen rand in respect of each child; provided that—

(aa) the pension payable in respect of each child shall cease when the child attains the age of seventeen years, or dies or marries before reaching that age;

(bb) the Commissioner may direct that the pension awarded in respect of a child shall continue after he attains the age of seventeen years, or that a similar pension be awarded in respect of any son or daughter not being a child as defined in the Act, if he or she is unable by reason of mental or physical disability to earn an income, for so long as it might reasonably have been expected that the deceased assessor would have continued to contribute towards his or her support;

(cc) subject to the provisions of subregulation (2) the Commissioner may increase the pension or pensions awarded in respect of one or more of the children;

(iv) if the assessor leaves no dependants of any class referred to in subparagraph (i), (ii) or (iii), a monthly pension to any dependants wholly dependent upon the assessor of thirty-six rand for so long as it might reasonably have been expected that the deceased assessor would have continued to contribute towards their support;

(v) if the assessor leaves no dependants of any class referred to in paragraphs (i), (ii), (iii) or (iv), to the dependants partly dependant upon the assessor, a lump sum not exceeding a sum which bears the same proportion to one thousand five hundred rand as the degree of dependency bears to total dependency;

(vi) the payment of burial expenses in respect of the assessor actually incurred but not exceeding one hundred rand.

(2) The monthly pensions payable under paragraph (c) of sub-regulation (1) arising out of the death of an assessor shall not in all exceed an amount of ninety rand.

(3) (a) The pension payable to a widow under this regulation shall cease if she dies or remarries.

(b) A widow who remarries shall be paid a lump sum of eight hundred and sixty-four rand.

(4) If any person entitled to benefits under this regulation applies therefor the Commissioner may in lieu of

geldsom, waartoe ooreengekom is, betaal, in welke geval so 'n persoon geen verdere aanspraak ingevolge hierdie regulasie het nie.

(5) 'n Assessor wat voordele eis of aan wie voordele betaal of betaalbaar is, moet wanneer die Kommissaris dit eis, na redelike kennisgewing, hom onderwerp aan 'n ondersoek deur 'n geneesheer wat deur die Kommissaris benoem is, op die meegedeelde tyd en plek, mits die tyd en plek redelik is. Alle nodige onkoste deur die assessor aangegaan om aan die bepaling van hierdie regulasie te voldoen soos deur die Kommissaris bepaal, word deur die Kommissaris betaal. Indien die assessor na die mening van een of ander geneesheer, nie in staat is om sy opwagting te maak by die geneesheer wat in die kennisgewing aangewys is nie, moet die assessor of iemand namens hom die Kommissaris hiervan verwittig en kan van die aangewese geneesheer vereis word om die assessor te besoek op 'n redelike tyd en plek waaroor ooreengekom word. Die assessor het die reg om op eie koste 'n geneesheer wat hy aangewys het by daardie ondersoek teenwoordig te hê.

(6) Ingeval 'n assessor 'n ongeluk oorkom wat sy vervoer na 'n hospitaal of sy huis nodig maak, moet die Kommissaris die redelike onkoste aangegaan, betaal.

(7) (a) Die Kommissaris moet vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar vanaf die datum van die ongeval die redelike onkoste betaal wat deur of ten behoeve van die assessor aangegaan is ten opsigte van geneeskundige behandeling genoodsaak as gevolg van 'n ongeval.

(b) Waar, na die oordeel van die Kommissaris, verdere of spesiale geneeskundige behandeling benewens dié wat in paragraaf (a) vermeld word, die arbeidsongeskiktheid van die assessor, sal verminder, kan hy die onkoste wat in verband met sulke behandeling aangegaan is, betaal.

(8) Waar enige persoon aan wie voordele ingevolge hierdie regulasie toegeken is, ten opsigte van 'n besering wat aan 'n ongeval te wyte is, skadevergoeding in 'n hof verhaal ten opsigte van sodanige ongeval, is die Kommissaris geregtig om van sodanige persoon die bedrag van skadevergoeding of die totale bedrag van die voordele en/of onkoste wat ingevolge die bepaling van hierdie regulasie betaal is, te eis, watter bedrag ook al die minste is. Vir die toepassing van hierdie regulasie is die bedrag van enige pensioen of pensioene wat toegeken of betaal is, die gekapitaliseerde waarde van sodanige pensioen of pensioene, soos deur die Kommissaris bepaal.

ASSESSORE.

15. (1) 'n Assessor of plaasvervangende assessor aangestel kragtens artikel *dertien* van die Wet moet op skriftelike kennisgewing van die Kommissaris—

- (a) 'n vergadering bywoon op die plek en tyd wat in die kennisgewing bepaal is vir die oorweging of verhoor van enige saak ingevolge die Wet;
- (b) enige ondersoek ingevolge subartikel (1) van artikel *sewentien* van die Wet onderneem wat die Kommissaris hom kan magtig om te onderneem.

As 'n assessor of sy plaasvervanger nie in staat is om 'n vergadering by te woon of 'n ondersoek te onderneem nie, moet hy die Kommissaris so gou moontlik skriftelik in kennis stel.

(2) Die Kommissaris kan, as hy dit dienstig ag, enige kennisgewing wat ingevolge subregulasie (1) van hierdie regulasie uitgereik is, wysig of intrek.

(3) As 'n assessor kragtens artikel *sewentien* van die Wet gemagtig word om enige saak te ondersoek, moet hy 'n skriftelike verslag oor die saak wat ondersoek is aan die Kommissaris voorlê en moet 'n ware verslag hou van die verrigtings van sodanige ondersoek en moet sodanige verslag aan die einde van die ondersoek aan die Kommissaris stuur.

(4) Die Kommissaris kan die assessore, as hy dit onnodig ag om 'n vergadering te hou, mondelings of skriftelik raadpleeg ten opsigte van enige saak.

any pension awarded, pay such lump sum as may be agreed upon in which event such person shall have no further claim under these regulations.

(5) An assessor who claims benefits or to whom benefits have been paid or are payable shall when so required by the Commissioner, and after reasonable notice, submit himself for examination by a medical practitioner nominated by the Commissioner, at the time and place notified; provided such time and place are reasonable. Any necessary expenses incurred by the assessor in complying with the provisions of this regulation as determined by the Commissioner, shall be paid by the Commissioner. In the event of the assessor being, in the opinion of any medical practitioner, not in a fit state to attend on the medical practitioner named in the notice, the assessor or some person on his behalf shall notify the Commissioner, of that fact, and the medical practitioner so named may be required to attend on the assessor at a reasonable time and place to be agreed upon. The assessor shall be entitled at his own expense to have a medical practitioner nominated by himself present at such examination.

(6) In the event of an accident happening to an assessor which necessitates his removal to a hospital or his residence the Commissioner shall defray the reasonable expenses incurred.

(7) (a) The Commissioner shall for a period not exceeding two years of the date of the accident defray the reasonable expenses incurred by or on behalf of the assessor in respect of medical aid necessitated by an accident.

(b) Where, in the opinion of the Commissioner, further or special medical aid in addition to that referred to in paragraph (a) will reduce the disablement from which the assessor suffers, he may defray the expenses incurred in respect of such medical aid.

(8) Where any person who has been awarded benefits in terms of this regulation arising from an injury due to an accident recovers damages in a court of law in respect of such accident the Commissioner shall be entitled to claim from such person the amount of damages awarded or the total of the amounts of benefits and/or expenses paid or awarded in terms of this regulation, whichever is the lesser. The amount of any pension or pensions paid or awarded shall for the purposes of this sub-regulation be the capitalised value thereof as determined by the Commissioner.

ASSESSORS.

15. (1) An assessor or an alternate assessor appointed under section *thirteen* of the Act shall, upon notification in writing by the Commissioner—

- (a) attend a meeting at the place and time specified in the notice for the consideration or hearing of any matter under the Act; or
- (b) undertake any investigation under subsection (1) of section *seventeen* of the Act which the Commissioner may authorise him to undertake.

If an assessor or his alternate is unable to attend a meeting or undertake an investigation, he shall, as soon as possible, notify the Commissioner in writing.

(2) The Commissioner may, if he deems it expedient, amend or cancel any notice issued under subregulation (1).

(3) Whenever an assessor is authorised under section *seventeen* of the Act to investigate any matter, he shall submit to the Commissioner a report, in writing, on the matter investigated, and shall keep a true record of the proceedings of such investigation and shall transmit such record to the Commissioner at the conclusion of the investigation.

(4) The Commissioner may, if he deems it unnecessary to hold a meeting, consult the assessors verbally or in writing in respect of any matter.

(5) (a) 'n Assessor wat nie in diens van die Staat is nie, is geregtig op onderstaande besoldiging en reistoelaes in verband met die vervulling van sy pligte ooreenkomstig die Wet—

- (i) in die geval van 'n geneesheer-assessor 'n bedrag van twaalf rand en in alle ander gevalle 'n bedrag van ses rand vir elke dag of gedeelte van 'n dag bestee aan die werklike bywoning van 'n vergadering of instelling van 'n ondersoek ooreenkomstig subregulasie (1) van hierdie regulasie;
- (ii) betaling van die werklike verlies aan besoldiging in die geval waar die assessor 'n werknemer is; met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie paragraaf plus die bedrag verskuldig ooreenkomstig paragraaf (i) onder geen omstandighede meer as twaalf rand mag beloop nie;
- (iii) onderhoudstoelaes teen die maksimum skaal betaalbaar aan Staatsampptenare;
- (iv) die vervoerkoste.

(b) 'n Assessor is verplig om met die gerieflikste openbare vervoermiddel te reis; met dien verstande dat waar die Kommissaris oortuig is daarvan dat die reis nie gerieflik aldus afgelê kan word nie, hy die gebruik van motorvervoer kan magtig asook die betaling van 'n toelaes teen die skale wat van toepassing is op die gebruik van private vervoer vir regeringsdoeleindes ten opsigte van so 'n reis.

(c) In geval 'n assessor langs 'n roete reis wat langer duur of groter vervoerkoste meebring as wat na die mening van die Kommissaris nodig was, kan hy na goedvinde die eis om vervoer en om terugbetaling van persoonlike uitgawe verminder tot 'n bedrag wat hy redelik ag.

(d) In gevalle van 'n reis per skip waarin die reisgeld verskaffing van voedsel en slaapplek insluit, is die toelaes waarvoor in paragraaf (a) (iii) van hierdie subregulasie voorsiening gemaak is nie betaalbaar benewens sodanige reisgeld nie, maar enige redelike uitgawe wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir kelners- en kruiersfooitjies kan aan 'n assessor terugbetaal word.

VERGADERINGS VAN KOMMISSARIS EN ASSESSORE.

16. (1) As die Kommissaris dit nodig ag om 'n vergadering met assessore te hou of as daar van hom vereis word om so 'n vergadering te hou, moet die datum, tyd en plek van die vergadering deur hom vasgestel word.

